# 4. STIGTING EN ONTWIKKELING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1907-1982

## 4.1 INLEIDING

Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel is volledig in *hoofstuk 2* en die algemene onderwystoestande in Potchefstroom (van die stigting van die dorp in 1838 af tot 1906) in *hoofstuk 3* behandel.

In hierdie hoofstuk word die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium bespreek. Aangesien Potchefstroom Gimnasium as 'n voortsetting van die Voorbereidende Skool van die Gereformeerde Teologiese Skool ontwikkel het, word die stigting van die Voorbereidende Skool eerstens volledig beskryf en tweedens aangetoon hoe dit in 1915 'n staatskool geword het.

Vanaf 1918 is Potchefstroom Gimnasium 'n selfstandige sekondêre skool en word dié tydperk derdens in drie ontwikkelingsfases verdeel en bespreek. Aangesien die eerste twee skoolhoofde van Potchefstroom Gimnasium (J J A Coetsee en W de K Kruger) van 1918 tot 1965 as hoofde van die skool gedien het, word hulle onderskeie termyne afsonderlik behandel en daarna die laaste fase sedert 1966.

## 4.2 STIGTING VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL 1907

Potchefstroom Gimnasium het sy oorsprong in die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom gehad. Die voorbereidende afdeling[1] van die Teologiese Skool waaruit Potchefstroom Gimnasium ontwikkel het, was, voordat dit

---

1) *Hoofstuk 3*, p 101.

as die Voorbereidende Skool selfstandig geword het, 'n integrale deel van die Teologiese Skool. Bewyse dat dit so was, is dat

* een assistentonderwyser vir Wiskunde en Natuurwetenskap teen 'n salaris van R500 per jaar aangestel was terwyl die professore die ander klasse van die leerlinge behartig het,[2)]
* daar 'n onderskeid in die skoolgeld wat maandeliks gehef was, gemaak is, naamlik R1 vir leerlinge en R2 vir studente[3)] en
* enkele studente gebruik was om aan die leerlinge klas te gee. Student J van der Walt was byvoorbeeld gedurende 1906 aangestel om 3 uur per dag, teen R54 per jaar, klasse van die leerlinge waar te neem.[4)]

Op 19 Desember 1906 het die Kuratore van die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom besluit dat 'n selfstandige Voorbereidende Skool 'n noodsaaklikheid geword het en dat die steun van die Kerkverband hiervoor gevra moet word.[5)] Op 14 Januarie 1907 het die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk besluit om aan die kerkrade te skryf en geldelike steun van R2 per 100 lidmate vir die Voorbereidende Skool te vra.[6)]

Die voorbereidende afdeling van die Teologiese Skool het van die begin van 1907 af as selfstandige Voorbereidende Skool begin funksioneer. Die stigters van die Voorberei-


---

2) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 7 Desember 1904, art. 17.
3) *Ibid.*, 10 Februarie 1905, art. 10.
4) *Ibid.*, 5 Desember 1905, art. 17.
5) *Ibid.*, 19 Desember 1906, art. (?).
6) Gereformeerde Kerk. *Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal*, 14 Januarie 1907, art. 84.

dende Skool was proff J Lion-Cachet, F Postma, A P C Duvenage en J Kamp - almal professore aan die Teologiese Skool - en dr J D du Toit (Totius), predikant van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom.[7]

Die Voorbereidende Skool het in 1907 met ses leerlinge wat deur die loop van die jaar tot tien vermeerder het, begin.[8] H J J van der Walt (plaat 4.1), 'n onderwysstudent aan die Teologiese Skool, was die eerste onderwyser aan die Voorbereidende Skool. Hy was gedurende 1907 deeltyds en vir die eerste ses maande van 1908[9] voltyds vir die onderrig van die leerlinge van die Voorbereidende Skool op Potchefstroom verantwoordelik.[10]

PLAAT 4.1 H J J VAN DER WALT - DIE EERSTE PERMANENTE ONDERWYSER VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL 1907-1908[11]




7) Coetsee, A G Die Gimnasium Hoërskool word 70 jaar oud. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1977, p 2.
8) Kruger, W de K Die Gimnasium Hoërskool 1907-1957: Historiese oorsig. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 13.
9) Vanaf Junie 1908 het H J J van der Walt die hoofskap van die Gereformeerde Gimnasium op Steynsburg aanvaar. Hy is in Maart 1931 oorlede.
10) Coetsee, J J A Die voorgeskiedenis van die Hoër Gimnasium. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 26.
11) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 12.

Die Voorbereidende Skool was in wese 'n kerkskool aangesien dit as gevolg van 'n stigtingsaksie binne een bepaalde Kerkverband tot stand gekom het. Dié stigters van die Voorbereidende Skool was almal lidmate van die Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Teologiese Skool. Die Gereformeerde Kerkverband het die skool die eerste 8 jaar gefinansier (kyk p 111) en die leerlinge van dié skool was gedurende die eerste aantal jare almal vanuit Gereformeerde huisgesinne afkomstig. Die Voorbereidende Skool het in 'n behoefte vir Christelik-nasionale onderwys op Potchefstroom voldoen en as voedingsbron vir die Teologiese Skool gedien. Die stigting van die Voorbereidende Skool was 'n direkte uitvloeisel van die Christelik-nasionale onderwysbeweging (1903-1906).[12]

Die Voorbereidende Skool was aanvanklik in die biblioteek van die Teologiese Skool (plaat 4.2) gehuisves en het eers in 1910 'n eie skoolgebou (plaat 4.4) gekry.[13] Die ontwikkeling van die Voorbereidende Skool word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk verder behandel.

PLAAT 4.2 DIE EERSTE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE SKOOL OP POTCHEFSTROOM WAARIN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL GEDURENDE 1907-1909 GEHUISVES IS[14]



12) Coetsee, A G *Loc.cit.*
13) Kruger, *op.cit.*, p 14
14) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 16.

## 4.3 ONTWIKKELING VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL 1907-1914

### 4.3.1 Diensaanvaarding deur die eerste permanente skoolhoof

In Julie 1908 het J J A Coetsee (plaat 4.3) vanaf Burgersdorp, waar hy hoof was van die Burgersdorpse Vrye Christelike Skool, as eerste permanente hoof van die Voorbereidende Skool (en dus van Potchefstroom Gimnasium) diens aanvaar.[15] J J A Coetsee was 'n oud-onderwysstudent van die Literariese Departement van die Teologiese Skool[16] en dus deeglik in die Christelik-nasionale onderwysbeginsel onderlê.

PLAAT 4.3 J J A COETSEE - DIE EERSTE PERMANENTE SKOOLHOOF VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1908-1938[17]



15) Coetsee, J J A *Loc.cit.*
16) Coetzee, J V *Oom Ad en tant Kitty Coetsee*, p 1.
17) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1933, teenoor p 23.

### 4.3.2 Finansiering en oprigting van die eerste skoolgebou

Die voorsiening van die nodige finansies vir onderwysersalarisse, opvoedkundige hulpmiddels en 'n eie skoolgebou was die primêre taak van die skoolkomitee. Fondse is geïn deur skoolgeld te hef en subsidie van die Teologiese Skool, asook bydraes van die Gereformeerde Gemeente van Potchefstroom en die Gereformeerde Kerkverband te ontvang. Genoemde inkomste van die skoolfonds was egter onvoldoende en die Voorbereidende Skool en skoolkomitee het finansieel moeilike bestaansjare ervaar. Die stigters van die skool en skoolkomiteelede het enersyds teen die staatskoolstelsel geagiteer omdat dit nie aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het nie, maar andersyds voortdurend vir staatserkenning en staatsubsidie gepleit.[18)]

Die Teologiese Skool het 'n jaarlikse subsidie van R200 aan die Voorbereidende Skool vir die salaris van een onderwyser gegee.[19)] In 1912 het die Kuratore 'n aanbeveling goedgekeur dat die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Transvaal versoek word om jaarliks R300 vir die Voorbereidende Skool by te dra.[20)] Dit was die Gereformeerde Gemeente van Potchefstroom wat grootliks voorsiening gemaak het vir die onderhoud van die Voorbereidende Skool. Op 10 Augustus 1912 het die Kerkraad byvoorbeeld besluit dat elke lidmaat een akker mielies ten behoewe van die onderwys moet saai, waarvan een helfte na die Voorbereidende Skool moes gaan. Verder is besluit om addisionele fondse vir die uitbreiding van die skool te in en op 25 Desember 1912 het die Kerkraad (Potchef-

18) Coetsee, A G *Loc.cit.*
19) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 2 Desember 1908, art. 6, 23.
20) *Ibid.*, 27 November 1912, art. 37.

stroom) R50 bewillig.[21] "Die kerk het dus, waar hy maar kon, die hand, selfs in moeilike tye, diep in die sak gesteek om die Voorbereidende Skool wat as noodsaaklik vir die Teologiese Skool beskou is, op die been te hou."[22]

Die Kuratore het reeds in 1907 besluit dat 'n eie skoolgebou vir die Voorbereidende Skool (teen R800) opgerig moet word. Vir dié doel moes die skoolkomitee R500 byeenbring en 'n lening van R300 by die Kuratore maak.[23] Op 2 Desember 1908 het die Kuratore die volgende besluite in verband met die beplande skoolgebou geneem, naamlik dat:

* 'n boukommissie aangestel word;
* die gebou vir een klaskamer vir die gebruik deur die Teologiese skool voorsiening moet maak;
* die skoolgebou op die terrein van die Teologiese Skool opgerig word;
* die boukoste nie R900 te bowe moet gaan nie;
* die Kuratore en skoolkomitee elk R300 vir die boukoste voorsien en dat die balans van R300 as lening deur die Kuratore beskikbaar gestel word.[24]

Die beplande nuwe skoolgebou is teen die einde van 1909 voltooi en gedurende Januarie 1910 in gebruik geneem.

In plaat 4.4 word die eerste skoolgebou van die Voorbereidende Skool getoon. Slegs die sentrale gedeelte was aanvanklik gebou - die twee vleuels aan weerskante is later aangebou.

---

21) Coetzee, J V *Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium* p 12.
22) Eloff, T *Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool (1905-1914)*, p 13.
23) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 4 Desember 1907, art. 58.
24) *Ibid.*, 2 Desember 1908, art. 6-40.

PLAAT 4.4 DIE EERSTE SKOOLGEBOU VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM[25)]



### 4.3.3 Beheer en toesig oor die Voorbereidende Skool

Die Kuratore het 'n skoolkomitee benoem wat van die begin af beheer uitgeoefen en toesig oor die Voorbereidende Skool gehou het.[26)] Oor die samestelling van dié skoolkomitee gedurende 1907-1913 bestaan egter geen duidelikheid nie.[27)] Die eerste skoolkomitee van die Voorbereidende Skool waaroor daar oor die samestelling sekerheid is, is in 1914 gekonstitueer en het uit die volgende lede bestaan, naamlik: J D du Toit (voorsitter), J Kamp (sekretaris), W J de Klerk (penningmeester), F Postma, M Postma, A P C Duvenage, P van der Walt, S O Los en J J A Coetsee (skoolhoof).[28)] Dieselfde skoolkomitee het ook as die Senaat van die Teologiese Skool gefunksioneer[29)] en vier van die vyf stigterslede ingesluit.[30)]

---

25) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 16.
26) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 4 Desember 1907, art. 46.
27) Eloff, *op.cit.*, pp 13-15.
28) Teologiese Skool. *Notule van die Skoolkommissie en Senaatsvergadering*, 4 Februarie 1914, art. 4.
29) *Ibid.*, art. 2.
30) Die vier stigterslede in die skoolkomitee van 1914 was Du Toit, Duvenage, Postma (F) en Kamp. J Lion-Cachet is in 1912 oorlede.

Die taak en funksies van die skoolkomitee van die Voorbereidende Skool het opsommend die volgende ingesluit, naamlik:[31]

* die invordering van en beheer oor die skoolfonds;
* toesig oor die onderwyspersoneel, meublement en skoolgebou;
* bepaling van die skoolkwartaaldatums;
* beheer oor die toelating van leerlinge en kosgangers;
* toesig oor die eksaminering aan die einde van elke skooljaar;
* die bevordering van goeie verhoudinge en samewerking tussen die Kuratore en die Voorbereidende Skool en
* jaarlikse verslaglewering aan die Kuratore oor die stand van die skoolfonds en vordering van die leerlinge.

Die skoolkomitee van die Voorbereidende Skool het tot en met 1915 (toe die Voorbereidende Skool 'n staatskool geword het en 'n nuwe skoolkomitee gekies is) 'n goeie balans tussen die Teologiese Skool en die Voorbereidende Skool op Potchefstroom gehandhaaf ten opsigte van die beheer aan die een kant en die selfstandigheid van die skool aan die anderkant.[32] Gevolglik het daar 'n besonder hegte band en hartlike samewerking tussen die Teologiese Skool en die Voorbereidende Skool bestaan. Die geïntegreerdheid van die Literariese Departement van die Teologiese Skool en die Voorbereidende Skool word deur die volgende advertensie (plaat 4.5), wat in 1911 verskyn het, bevestig.

---

31) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 7 Desember 1910, art. 11 en *Ibid.*, 13 November 1914, art. (?)
32) Eloff, *op.cit.*, p 16.

PLAAT 4.5 ADVERTENSIE VAN DIE LITERARIESE DEPARTEMENT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL WAT DIE VOORBEREIDENDE SKOOL INSLUIT[33)]

# Theologiese School.

## Litteraries Departement, Potchefstroom.

**De Staf :**—F. Postma, B.A. (Kaapse Universiteit) L.H.C. (V. Universiteit, Amsterdam) Latijn, Grieks, Engels, Wijsbegeerte.

A. P. C. Duvenhage, B.A. Sc. (Kaapse Universiteit)—Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Natuurkunde.

J. Kamp,—Nederlands, Duits, Geschiedenis.

J. J. A. Coetzee,—Onderwijzer Voorb. School.

**Leergang :**—Kandidaten worden opgeleid voor de volgende eksamens der Kaapse Universiteit: Matriculatie, Intermediate, B.A. Pass en Honneurs Afdeling in de volgende vakken, Oude of Nieuwe Talen, Wis- en Natuurkunde, Wijsbegeerte, Geschiedenis. Verder vindt er voorbereiding plaats voor de Taalbond Eksamens.

**Schoolgelden :**—£1 10s. per kwartaal vóór Matric. £3 per kwartaal na Matric.

**Aan deze inrichting is verbonden een Kost- en Logieshuis. Termen £9 per kwartaal. Voor toelating en verdere biesonderheden schrijve men aan de ondergetekende.**

**F. POSTMA.**

**Potchefstroom, Transvaal.** **Postbus 117.**

4.3.4 Toename in die leerlingtal van die Voorbereidende Skool 1907-1914

Die werklike toename in die leerlingtal van die Voorbereidende Skool gedurende die tydperk 1907-1914 word in tabel 4.1 voorgestel.

33) Transvaalse Onderwysersvereniging. *Het Kristelik Schoolblad*, 1 Junie 1911, p 26.

TABEL 4.1 DIE TOENAME IN DIE LEERLINGTAL VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL 1907-1914[34)]

| JAAR | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|
| 1907 | 10 |
| 1908 | 12 |
| 1909 | 25 |
| 1910 | (?) |
| 1911 | (?) |
| 1912 | 150 |
| 1913 | (?) |
| 1914 | 150 |

Dit blyk uit tabel 4.1 dat die aantal leerlinge vanaf 1909 vinnig toegeneem het, want in 1912 was daar reeds 150 leerlinge ingeskryf. Hierdie toename in die leerlingtal het voortdurend akkommodasieprobleme geskep. 'n Konsekwensie van die vermeerdering van leerlinge was onder andere dat daar onder moeilike omstandighede klas gegee is omdat die beskikbare lokale te klein en die meublement ontoereikend was. Dié onvoldoende akkommodasie was een van die redes waarom die Voorbereidende Skool 'n staatskool moes word.

### 4.3.5 Onderwyspersoneel verbonde aan die Voorbereidende Skool 1907-1914

Die onderwysers wat gedurende die tydperk 1907-1914 aan die Voorbereidende Skool verbonde was, word in tabel 4.2 aangetoon.

34) '*Die Weste*' 22 Maart 1932, pp 90-93.

TABEL 4.2 ONDERWYSERS VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL 1907-1914[35)]

| NAAM VAN ONDERWYSER | DATUM AANGESTEL | DATUM DIENS BEËINDIG | ALGEMENE OPMERKINGS |
|---|---|---|---|
| H J J van der Walt | Jan. 1907 | Junie 1908 | Was 1907 tydelike en 1908 permanente onderwyser |
| J J A Coetsee | Julie 1908 | Des. 1942 | Die 1e permanente hoof tot Junie 1938 |
| Betsie Postma | Jan. 1910 | Des. 1912 | |
| Hester Coetsee | Okt. 1911 | Julie 1914 | |
| S G Ÿssel | Julie 1912 | April 1918 | Het in 1918 hoof van Gimnasium Primêre skool geword |
| G J Munstra | Jan. 1913 | April 1918 | Het in 1918 saam met die primêre skool afgestig |
| Hester Duvenage | Okt. 1914 | Des. 1917 | |

Indien die onderwysgeriewe en -omstandighede gedurende die jare 1907-1914 met die huidige vergelyk word, was die opvoedende onderwys in daardie tyd geen maklike taak nie. Alle beskikbare inligting toon egter dat die onderwysers wat in tabel 4.2 vermeld is, (ten spyte van gebrekkige klaskamerakkommodasie, meublement, hulpmiddels en finansiering) hulle taak toegewyd en roepingsbewus, in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, verrig het.[36)]

---

35) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* November 1916, pp 7-9 (die enkele datums van diens beëindiging na 1916 is in ander jaarblaaie verkry).
36) Coetsee, J J A Uit ons skool se verlede. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1939, p 21.

Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die kapitulasie van die Voorbereidende Skool word in die volgende afdeling behandel.

## 4.4 VERANDERING VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL IN 1915 NA POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

### 4.4.1 Omstandighede waaronder die Voorbereidende Skool gekapituleer het

Na die kongres van die "Vereniging voor Christelijk Nationaal Onderwijs" in 1913 het die Christelik-nasionale "onderwysvlam" geleidelik uitgedoof. Die land het gedurende 1912/1913 'n swaar droogte ondervind, in 1914 het ernstige stakings aan die Rand voorgekom en die Rebellie en Eerste Wêreldoorlog het uitgebreek.[37] Dit alles het 'n groter finansiële las op die gemeenskap geplaas en die skoolkomitee kon nie meer die nodige fondse bekom om die salarisse van die personeel te betaal en ander onderwysgeriewe soos koshuise, 'n sportterrein en -geriewe, meublement en uitbreiding van geboue voorsien nie. Op 13 November 1914 het die skoolkomitee 'n buitengewone vergadering gehou waartydens die stand van die skoolfonds bespreek is. Die skoolkomitee het proff J D du Toit en F Postma benoem om vir 'n oortrekking van R400 by die bank te reël om sodoende die geldelike verpligtinge vir die laaste twee maande van die jaar (1914) na te kan kom.[38]

Verder is die moontlikheid van staatshulp bespreek en

---

37) Bingle, P W *Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika 1850-1959*, p 208.
38) Teologiese Skool. *Notule van buitengewone vergadering van die Skoolkommissie, 13 November 1914*, art. (?)

het die skoolkomitee voor die keuse te staan gekom om óf die skool te sluit óf dit by die Transvaalse Onderwysdepartement as staatskool in te lyf. Die laasgenoemde alternatief is na deeglike oorweging gekies en proff Du Toit en Postma is verder opdrag gegee om met die Transvaalse Onderwysdepartement in dié verband te onderhandel. So het die Voorbereidende Skool van Potchefstroom, die enigste Christelik-nasionale skool wat in die praktyk nog bestaan het, gekapituleer en 'n staatskool geword.[39)] Van deurslaggewende belang vir hierdie stap was die voorwaarde, waartoe die Transvaalse Onderwysdepartement ingestem het, dat die skool sy Christelik-nasionale karakter behou.[40)]

Op die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in 1915 is in verband met die kapitulasie die volgende gerapporteer, naamlik: "... nu is 'n Kristelik-Nationale School met Goewerment-subsidie."[41)] Prof J C Coetzee het oor die rede van kapitulasie die volgende geskryf: "En so het die laaste vesting in Transvaal gekapituleer en het die geskiedenis geleer dat 'n Vrye Skool - laer en middelbaar - selfs met enige staatsteun nie instand gehou kon word nie, myns insiens omdat dit nie 'n juiste praktiese beleid is nie, want daar is te groot ongelykheid tussen Vrye Skool en Staatskool - die een vra skoolgeld, die ander is skoolgeld vry, die een se fondse en bronne is beperk, die ander se fondse is staatsgeld."[42)]

---

39) Coetsee, J J A Potchefstroom Gimnasium. *In Potchefstroom Gimnasium. Fac et Spera* November 1916, p 9.
40) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, November 1914, art. 34.
41) Gereformeerde Kerk. *Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal* 1915, art. 39.
42) Coetzee, J C *Die gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal 1859-1937*, p 41.

### 4.4.2 Naamsverandering van die Voorbereidende Skool na Potchefstroom Gimnasium

Die Voorbereidende Skool het op 25 Januarie 1915 as staatskool onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement geopen. Prof J D du Toit het (as voorsitter van die skoolkomitee) 'n verwelkomingsrede tydens die openingsgeleentheid gelewer en die redes vir en omstandighede en voorwaardes waaronder die Voorbereidende Skool 'n staatskool geword het, verduidelik.[43)]

Die Voorbereidende Skool, wat ook algemeen as "Tokkies" (afgelei van Tokkelok) bekend gestaan het,[44)] het die naam *Potchefstroom Gimnasium* in 1915 gekry. Prof F Postma het tydens sy studiejare in Nederland met die naam *gimnasium*[45)] kennisgemaak. Hy het tydens 'n buitengewone skoolkomiteevergadering op 11 Maart 1915 die naam *gimnasium* voorgestel, wat algemeen aanvaar is. Aldus "... die School, zoals se nu zou voortbestaan onder die naam van Potchefstroom Gymnasium."[46)] In alle verdere notules van die skoolkomiteevergaderings is na Gimnasium verwys en nie meer na die Voorbereidende Skool nie. Die naam Potchefstroom Gimnasium is ook deur die Transvaalse Onderwysdepartement aanvaar en word in alle korrespondensie en inspeksierapporte gevind.[47)]

Die "nuwe" Potchefstroom Gimnasium was van 1915 af amptelik 'n primêre skool met 'n sekondêre afdeling, wat dus in werklikheid 'n voortsetting van die Voorbereidende Skool (ten opsigte van samestelling en funksionering) was. 'n Be-

---

43) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 1-2.
44) Coetzee, J C *Transkripsie* van 'n bandopname van 'n onderhoud met prof Coetzee, p 5.
45) Kyk *hoofstuk 1*, p 5 vir die betekenis van *gimnasium*
46) Teologiese Skool. *Notule van buitengewone vergadering van die Skoolkommissie*, 13 November 1914, art. (?).
47) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 4-5.

vestiging van die naam Potchefstroom Gimnasium en die Christelik-nasionale karakter van die skool word in die volgende advertensie (plaat 4.6; vgl. ook plaat 4.5) gevind.

PLAAT 4.6 ADVERTENSIE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM NADAT DIT IN 1915 'N STAATSKOOL GEWORD HET[48)]

# Potchefstroom Gymnasium

**(Voorheen Voorbereidende School).**

**STAF:**

J. J. A. COETSEE, Agerend Hoofd.
J. C. VAN ROOIJ, B.A.
D. VAN ROOIJ, B.A.
S. G. IJSSEL; Intr. B.A. Tr.
G. J. MUNSTRA, Nederl. Onderw.
A. S. LUGTENBURG, Int. B.A.
Mej. H. DUVENAGE, T3.
Onderwijzeres B-post (nog te benoemen).
Ook geven de Professoren van de Theol. School les in de Matrikulatie Klas.

Deze inrichting, zijnde

**Het Voorbereidende Departement van de Theologiese School te Potchefstroom**

is nu in verband gesteld met het Departement van Onderwijs, en biedt daarom dezelfde voorrechten aan als de andere Goevernementscholen.

't Onderwijs is zoals voorheen

**KRISTELIK NATIONAAL,**

De kursus loopt van de Sub-Standaards tot en met Matrikulatie.

Voor toelating en verdere biezonderheden vervoege men zich bij de ondergetekende.

J. J. A. COETSEE,
Maréstraat, of Bus 117.

48) Transvaalse Onderwysersvereniging. *Het Kristelik Schoolblad,* 1 April 1915, p 13.

Vervolgens word die ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium as primêre skool met 'n sekondêre afdeling (1915-1918) onder die loep geneem.

## 4.5 POTCHEFSTROOM GIMNASIUM AS PRIMÊRE SKOOL MET 'N SEKONDÊRE AFDELING 1915-1918

### 4.5.1 Oriëntering

Gedurende die eerste ses maande van 1915 het verskeie onderhandelinge tussen die skoolkomitee van Potchefstroom Gimnasium en die Transvaalse Onderwysdepartement plaasgevind om die inskakeling van die skool by die staatsonderwys af te handel. Die hoof van die Voorbereidende Skool, J J A Coetsee (kyk plaat 4.3) is deur die Transvaalse Onderwysdepartement as hoof van Potchefstroom Gimnasium aangestel. Hy het gedurende die eerste ses maande van 1915 verskeie besoeke aan Pretoria afgelê in verband met skoolaangeleenthede soos die aanstelling van personeel, onderwysersalarisse, klaskamerakkommodasie en skoolmeublement.[49]

Alhoewel die Transvaalse Onderwysdepartement reeds van die begin van 1915 af die onderwysersalarisse betaal en die skool van April 1915 af as Potchefstroom Gimnasium bekend gestaan het, het die hoof (J J A Coetsee) eers op 3 Augustus 1915 amptelik van die Teologiese Skool - professore, studente en matrikulante[50] - afskeid geneem.[51] Die oorgangsfase van die Voorbereidende Skool na Potchefstroom Gimnasium was afgehandel en die beheer en toesig van die

---

49) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 3-4.
50) Die matrikulante het gedurende 1915 by die Teologiese Skool aangebly en eers van 1916 af na Potchefstroom Gimnasium oorgekom.
51) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, p 5.

Teologiese Skool oor die Voorbereidende Skool na die Transvaalse Onderwysdepartement oorgedra.

4.5.2 Beheer en toesig oor Potchefstroom Gimnasium 1915-1918

Op 11 Maart 1915 is 'n afvaardiging, bestaande uit proff J D du Toit, F Postma en ds W J de Klerk, deur die skoolkomitee benoem om oor die beheer van Potchefstroom Gimnasium met die Administrateur van Transvaal te onderhandel.[52] 'n Uitvloeisel hiervan was dat die Direkteur van Onderwys (Transvaal) op 11 Mei 1915 die skoolraad van Potchefstroom en die skoolkomitee[53] van Potchefstroom Gimnasium ontmoet het om alle aangeleenthede in verband met die oorskakeling van die Voorbereidende Skool na die Transvaalse onderwysdepartement te bespreek.[54]

Die skoolraad van Potchefstroom het bepaal dat 'n nuwe skoolkomitee volgens departementele regulasies saamgestel moet word. Die bestaande skoolkomitee het op 24 Augustus 1915 sy laaste vergadering gehou en nadat dit ontbind het, 'n trustee gevorm om oor die geboue van die Teologiese Skool wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement gehuur is, beheer uit te oefen. Dié trustee was prof J D du Toit (voorsitter), dr S O Los (sekretaris), proff F Postma, A P C Duvenage, ds W J de Klerk, P van der Walt en B J de Klerk.[55]

---

52) Teologiese Skool. *Notule van spesiale Skoolkommissievergadering*, 11 Maart 1915, art. (?)
53) Dié skoolkomitee was nog die skoolkomitee van die Voorbereidende Skool wat oor die "nuwe" Potchefstroom Gimnasium onderhandel het.
54) Teologiese Skool. *Notule van die Skoolkommissievergadering* 25 April 1915, art. 2.
55) *Ibid.*, 24 Augustus 1915, art. 1-10.

Op 31 Augustus 1915 is die nuwe skoolkomitee verkies wat bestaan het uit prof J D du Toit (voorsitter), dr S O Los (sekretaris), proff F Postma, A P C Duvenage, ds W J de Klerk, P van der Walt en B J de Klerk.[56] Dit was dieselfde sewe lede van die vorige skoolkomitee wat ontbind en die trustee gevorm het. Drie van die stigterslede van die Voorbereidende Skool was tot dié eerste departementeel-aanvaarde skoolkomitee van Potchefstroom Gimnasium verkies, naamlik proff Du Toit, Postma en Duvenage.

Die skoolkomitee was verantwoordelik vir die beheer en toesig oor die skoolgeboue, meublement, gees en rigting van die skool en het onderwysers vir permanente aanstelling by die Transvaalse Onderwysdepartement aanbeveel. Die skoolkomitee was nie meer verantwoordelik vir eksamenbeheer, bevordering van leerlinge, skoolkwartaaldatums en die voorsiening van finansies nie.[57] Aangesien die skoolkomitee beheer oor die gees en rigting van die skool gehad het, is die opvoedende onderwys ongestoord in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voortgesit.[58]

### 4.5.3 Verandering van die medium van onderrig van Hollands na Afrikaans

Van die begin van 1916 af is daar begin om Hollands met Afrikaans as medium van onderrig te vervang. Benewens Wiskunde en Natuurwetenskap, is al die ander vakke deur medium van Afrikaans onderrig.[59] Wiskunde en Natuurwetenskap is vir enkele jare deur medium van Engels deur onder-

---

56) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, p 6.
57) Vergelyk pligte van skoolkomitee met item 4.3.3, p 114.
58) Coetsee, A G *Op.cit.*, p 3.
59) *Loc.cit.*

onderwysers soos J C Coetzee en D J van Rooy onderrig. Vanaf 1918 egter is genoemde twee vakke ook deur medium van Afrikaans aangebied.[60] Daar kan dus tereg beweer word dat Potchefstroom Gimnasium die eerste Afrikaans-medium skool in die land was.

Benewens Potchefstroom Gimnasium was daar gedurende 1915 en 1916 slegs die "Oost Eind Hogere School" in Pretoria wat Hollands as medium van onderrig gebruik het. Die Heidelbergse Volkskool was net soos Potchefstroom Gimnasium 'n primêre skool met 'n sekondêre afdeling, dog die onderrigmedium dáár was Engels.[61]

### 4.5.4 Totstandkoming van die eerste leerlingvereniging, die "Potchefstroom Gimnasium Korps"

'n Leerlingvereniging, naamlik die "Potchefstroom Gimnasium Korps", het in 1916 totstand gekom. Die oorsprong van hierdie vereniging kan teruggevoer word na die eerste debatsvereniging wat as die "Junior Letterkundige Vereniging" (JLV) bekend gestaan het en in 1906 onder voorsitterskap van ds J H Boneschans gestig is. Die JLV het uit studente en leerlinge bestaan. In 1914 het prof J D du Toit aan die skoolkomitee die voorneme om 'n "Korps" vir leerlinge (in plaas van die JLV) te stig, gerapporteer.[62] Nadat die matrikulante (wat in 1915 nog aan die Teologiese Skool verbonde was) by Potchefstroom Gimnasium ingeskakel het, is die Potchefstroom Gimnasium Korps (PGK) gestig.

---

60) Coetzee, J C *Transkripsie* van 'n bandopname van 'n onderhoud met prof Coetzee, p 1.
61) Coetzee J V Die oudste Afrikaanse Hoërskool in die wêreld. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1967, pp 5-6.
62) Teologiese Skool. *Notule van die Skoolkommissievergadering*, 14 Mei 1914, art. 7.

Die PGK was 'n vereniging wat slegs uit leerlinge bestaan en selfstandig gefunksioneer het. Die PGK het hoofsaaklik kultuurwerk verrig en die eerste skooljaarblad *Fac et Spera* in 1916 uitgegee (plaat 4.7).

PLAAT 4.7 VOORBLAD VAN DIE EERSTE *FAC ET SPERA* WAT IN 1916 DEUR DIE POTCHEFSTROOM GIMNASIUM KORPS UITGEGEE IS[63)]

# FAC ET SPERA.




## JAARBLAD

VAN DIE

POTCHEFSTROOM GYMNASIUM
KORPS.

November 1916. — 1e Uitgawe.

REDAKSIE KOMMISSIE.

J. Scholtemeyer (Voorz.); Mej. M. Luchtenburg; J. Broekman; H. G. Stoker; W. v. B. v. Rooy.

---

63) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* November 1916, voorblad.

Die *Fac et Spera* was tot 1912 die amptelike orgaan van die Teologiese studente. Na die skeiding van die Teologiese Skool en die Literariese Departement in 1912, is dié studenteblad deur die Gereformeerde Studentekorps "Veritas Vincet" oorgeneem wat die naam (van die blad) verander het. Na die stigting van die leerlingvereniging Potchefstroom Gimnasium Korps het hulle hul eie nuwe skoolblad die *Fac et Spera* genoem.[64)] Die PGK het verder debatsvergaderings en toneelopvoerings gereël, skoolfonds ingesamel en in 1920 die skoolkleure vasgestel.

### 4.5.5 Toename in die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium 1915-1918

Op die eerste skooldag (25 Januarie) in 1915 is 149 en die eerste dag van die tweede kwartaal 35 nuwe leerlinge by Potchefstroom Gimnasium ingeskryf.[65)] Die leerlingtal het gevolglik van 1915 af besonder vinnig toegeneem, soos dit in tabel 4.3 aangetoon word.

Alhoewel die leerlingtal van die sekondêre afdeling van Potchefstroom Gimnasium nie spesifiek en volledig in die skooljoernaal aangeteken is nie, blyk dit uit tabel 4.3 dat die leerlingtal vanaf 1915 besonder vinnig toegeneem het. Die matrikulante het gedurende 1915 nog by die Teologiese Skool agtergebly, maar van 1916 af by Potchefstroom Gimnasium ingeskakel.[66)] Al 13 kandidate het aan die einde van 1916 die matrikulasie-eksamen geslaag, terwyl J Los, M Lugtenburg en H Stoker in die eerste klas geslaag het.[67)]

---

64) *Ibid.*, p 4.
65) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 1-4.
66) *Ibid.*, pp 12-19.
67) *Ibid.*, p 26.

TABEL 4.3 TOENAME IN LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1915-1918[68]

| JAAR | LEERLINGTAL (APRIL) | | | |
|---|---|---|---|---|
| | PRIMÊRE AFDELING | SEKONDÊRE AFDELING | TOTAAL | AANTAL MATRIKULANTE |
| 1915 | 184 | ±68 | ±252 | - |
| 1916 | 276 | 95 | 371 | 13 |
| 1917 | 299 | (?) | (?) | 12 |
| 1918 | 294 | 116 | 410 | 14 |

ŉ Konsekwensie van die vinnige toename in die leerlingtal was ŉ voortdurende tekort aan klaskamerakkommodasie. Die inskakeling van dié skool by die staatsonderwys het besliste voordele ingehou, aangesien die kerk en ouers beswaarlik ŉ skool van so ŉ omvang kon finansier. Die verkryging van ŉ staatskool met die behoud van die Christelik-nasionale gees en rigting het aan die behoefte van die Christen-Afrikanergemeenskap van Potchefstroom voldoen.[69]


4.5.6 Oprigting van ŉ nuwe skoolgebou vir Potchefstroom Gimnasium

Die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom het grond aan die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied waarop ŉ nuwe skoolgebou deur laasgenoemde opgerig is. Die nuwe skoolgebou (plaat 4.8) is op 7 Augustus 1917 - twee en ŉ half jaar nadat die Voorbereidende Skool ŉ staatskool geword het - in gebruik geneem. Dit was veral vir die skoolkomitee (wat hulle intens vir ŉ nuwe skoolgebou beywer het) ŉ heuglike en dankbare geleentheid.[70]

---

68) *Ibid.*, pp 1-43.
69) Coetsee, A G *Loc.cit.*
70) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, p 28.

PLAAT 4.8 DIE NUWE SKOOLGEBOU VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT IN 1917 IN GEBRUIK GENEEM IS[71)]



In 1917 is slegs die voorste (oostelike of regterkantse deel op die foto-plaat 4.8) gedeelte in gebruik geneem. Die flanke is later aangebou. Hierdie skoolgebou (plaat 4.8) akkommodeer tans die Laerskool Mooirivier.

4.5.7 Onderwyspersoneel verbonde aan Potchefstroom Gimnasium 1915-1918

Die onderwysers wat gedurende die tydperk 1915 tot die einde van die eerste kwartaal in 1918 op die personeel van Potchefstroom Gimnasium gedien het, word in tabel 4.4 aangetoon.

---

71) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 16.

TABEL 4.4 ONDERWYSERS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1915-1918 [72]

| ONDERWYSER | JAAR VAN AANSTELLING |
|---|---|
| J J A Coetsee (Hoof) | 1908 |
| S G Ÿssel | 1912 |
| G J Munstra | 1913 |
| H Duvenage (mej) | 1914 |
| D J van Rooy | 1915 |
| J C van Rooy | 1915 |
| A H Lugtenburg | 1915 |
| J C Coetzee | 1917 |
| J V Coetzee | 1917 |
| F J le Roux | 1917 |

### 4.5.8 Inspeksieverslae 1915-1918

Potchefstroom Gimnasium is op 12 Februarie 1915 die eerste maal besoek deur 'n Inspekteur van Onderwys van die Transvaalse Onderwysdepartement (Inspekteur Clarke). Die tweede inspeksiebesoek is op 18 Junie 1915 ontvang. N. Hofmeyer, Inspekteur van Onderwys, het die skool besoek met die doel om die bevoegdhede van die onderwyspersoneel te bepaal. Die inspeksierapport van 26-28 Julie 1915 het aangetoon dat geen apparaat vir die instelling en onderrig van Houtwerk (as gevolg van geldtekort) voorsien kon word nie. Die leerlinge wat Houtwerk geneem het, is na die Noordskool se sentrum vir praktiese werk gestuur.[73]

Volgens die Inspeksieverslag van 21-23 November 1917 was die onderwysstandaard besonder hoog en is daar melding gemaak van die goeie vordering in die Engelse taal.[74]

---

72) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 1-37.
73) *Ibid.*, pp 3-6.
74) *Ibid.*, pp 32-34.

Die gevolgtrekking word derhalwe gemaak dat die onderwysers (in Tabel 4.4 vermeld) aan Potchefstroom Gimnasium gedurende 1915-1918 besonder bekwaam en toegewyd was.

Die primêre en sekondêre afdelings van Potchefstroom Gimnasium het (soos dit die geval in die Voorbereidende Skool was) afsonderlik gefunksioneer. Die twee afdelings het selfs op verskillende dae vir die aanvang van elke skoolkwartaal geopen.[75)] Verder was dit, as gevolg van die jaarlikse toename in leerlingtal, 'n natuurlike ontwikkeling dat die primêre en sekondêre afdelings van mekaar moes skei om twee afsonderlike, selfstandige skole te vorm. Dié skeiding het in 1918 plaasgevind en word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk beskryf.

## 4.6 POTCHEFSTROOM GIMNASIUM AS SEKONDÊRE SKOOL 1918-1982

### 4.6.1 Oriëntering

Die periode 1918-1982 in die ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium (die sekondêre skool) word vervolgens bespreek onder die volgende afdelings:

* Die afstigting van Potchefstroom Gimnasium as volwaardige sekondêre skool in April 1918.
* Die ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium tydens die hoofskap van J J A Coetsee 1918-1938.
* Die ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium tydens die hoofskap van W de K Kruger 1838-1965.
* Die ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966.
* Die noue verband tussen Potchefstroom Gimnasium en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

---

75) *Ibid.*, pp 4-5.

Bogenoemde indeling word gemaak omdat, na die skeiding van die primêre en sekondêre afdelings van Potchefstroom Gimnasium in April 1918, in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sekondêre skool drie duidelike ontwikkelingsfases onderskei word. Die drie ontwikkelingsfases val saam met die tydperke van die hoofskap van veral die eerste twee hoofde, naamlik Coetsee (1918-1938) en Kruger (1938-1965).

Laastens word die noue verband tussen Potchefstroom Gimnasium en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys beskryf, omdat daar deur al die jare 'n besondere verbintenis deur die rektore en personeel van dié twee onderwysinrigtings bewerkstellig is.

### 4.6.2 Afstigting van Potchefstroom Gimnasium as volwaardige sekondêre skool in April 1918

Gedurende die tweede dekade van hierdie eeu het daar onder die Christen-Afrikanergemeenskap van Potchefstroom 'n behoefte ontstaan aan 'n volwaardige Afrikaans-medium sekondêre skool waarin die opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel kon geskied. Dié voorreg van 'n sekondêre skool waarin die opvoedende onderwys volgens 'n eie opvoedingsfilosofie geskied, het die Engelssprekende gemeenskap van Potchefstroom reeds sedert 1905 geniet.[76)]

As gevolg van die vinnige toename in die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium (1915-1917) en die gevolglike klaskamerakkommodasieprobleme, het die skoolkomitee ernstige vertoë vir afstigting tot die Transvaalse Onderwysdepartement gerig. Gedurende die eerste kwartaal van

---

76) *Hoofstuk 3*, p 102.

1918 is toestemming verleen dat die primêre en sekondêre afdelings van die skool in twee afsonderlike selfstandige skole kan afstig. Die sekondêre skool het die naam Potchefstroom Gimnasium behou en op 10 April 1918 met 116 leerlinge (St 7-10) en 7 onderwysers geopen.[77)]

J J A Coetsee (plaat 4.3), skoolhoof van die Voorbereidende Skool (Julie 1908-Desember 1914) sowel as Potchefstroom Gimnasium (1915-1918), is deur die Transvaalse Onderwysdepartement ook as hoof van die sekondêre skool - Potchefstroom Gimnasium - aangestel. Potchefstroom Gimnasium het in die "nuwe" skoolgebou (plaat 4.8), wat in 1917 ingebruik geneem is, aangebly.

J J A Coetsee het sy laaste inskrywing in *Skooljoernaal I* (1915-1918) op 17 Junie 1918 gemaak, waarna hy *Skooljoernaal II* (1918-1959) begin het.

Die afgestigte primêre skool het amptelik bekend gestaan as "Gymnasium Laer Goevermentskool van Potchefstroom" wat in 1927 met die Noordskool[78)] geamalgameer het. Die "Gimnasium Laerskool" (soos dit algemeen genoem is) is in die ou Gimnasium skoolgebou (plaat 4.4) langs die huidige Totiusmuseum geakkommodeer en die twee "Gimnasiumskole" het dieselfde speel- en sportterrein en skoolkoshuise gegedeel.[79)] S G Ÿssel is met ingang Julie 1918 as eerste permanente hoof van "Gimnasium Laerskool" aangestel. Hy

---

77) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, pp 36-38.
78) In 1928 het die Noordskool die President Pretoriusskool geword en in 1929 is die juniorafdeling in 'n Demonstrasieskool van die Normaalkollege omskep. In 1936 het die Demonstrasieskool weer 'n selfstandige primêre skool, nl die President Pretorius Juniorskool en in 1937 die Mooirivierskool geword. (De Beer, S J *Laerskool Mooirivier* 1937-1981.)
79) Coetzee, J C *Transkripsie* van 'n bandopname van 'n onderhoud met prof Coetzee, p 6.

het *Skooljoernaal I* verder, tot en met 1927, bygehou.[80]

Dit is interessant om te weet dat daar met die afstigting van Potchefstroom Gimnasium (April 1918), die volgende primêre en sekondêre skole in Potchefstroom (tabelle 4.5 en 4.6) bestaan het.

TABEL 4.5 PRIMÊRE SKOLE MET ONDERSKEIE LEERLINGTALLE EN SKOOLHOOFDE OP POTCHEFSTROOM IN APRIL 1918[81]

| NAAM VAN PRIMÊRE SKOOL IN 1918 | LEERLING-TAL | SKOOLHOOF | HUIDIGE NAAM VAN DIESELFDE SKOOL |
|---|---|---|---|
| Gimnasium Laerskool | 294 | S G Ÿssel | Laerskool Mooirivier (1937) |
| Noordskool | 439 | G J A Beard | Laerskool President Pretorius (1928) |
| Suidskool | 656 | M M Bresler | Laerskool M L Fick (1955) |
| Vyfhoekskool | 162 | J P Bredell | Laerskool Baillie Park (1966) |

TABEL 4.6 SEKONDÊRE SKOLE MET ONDERSKEIE LEERLINGTALLE EN SKOOLHOOFDE OP POTCHEFSTROOM IN APRIL 1918[82]

| NAAM VAN SEKONDÊRE SKOOL IN 1918 | LEERLING-TAL | SKOOLHOOF |
|---|---|---|
| Potchefstroom Gimnasium | 116 | J J A Coetsee |
| Potchefstroom Boys High School | 198 | C D Hope |
| Potchefstroom Girls High School | 258 | A E Adriani |
| Hoër Landbouskool (tans die Potchefstroomse Landboukollege) | 56 (voltyds) 134 (deeltyds) | E J MacMullan |

80) Gedeeltes van beide skole se joernaalinskrywings het ongelukkig oorvleuel en was ook onvolledig, soos byvoorbeeld t.o.v. leerlinggetalle wat ontbreek.
81) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. *In* Van der Walt, A J H., Badenhorst, W J, Coetzee, J C en Jenkins, E H *Potchefstroom 1838-1938*, pp 245-246.
82) *Ibid.*, pp 244-248.

Slegs die twee "Gimnasiumskole" was in 1918 in Potchefstroom Afrikaans-medium skole en skole waarin die opvoedende onderwys aan die eise van die Christen-Afrikaner se Christelik-nasionale opvoedingsfilosofie voldoen het.[83)]

4.6.3 Ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium tydens die hoofskap van J J A Coetsee 1918-1938

4.6.3.1 Inleiding

Die kerngesonde ontwikkeling van die Voorbereidende Skool (1908-1914) en Potchefstroom Gimnasium (1915-1918) het onder die toegewyde leiding en beheer van die skoolhoof, J J A Coetsee (plaat 4.3), plaasgevind. Na sy derde aanstelling as hoof[84)] van Potchefstroom Gimnasium in 1918, het hy voortgebou aan dié skool waarin die opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel plaasgevind het. Hy het self, dikwels vir lang tydperke, tot 5 uur per dag klas gegee en só daadwerklik sy invloed as hoof tot in die klaskamer laat geld.[85)]

4.6.3.2 Instelling en funksies van die beheerraad 1921-1938

Op 6 September 1918 is 'n nuwe skoolkomitee vir Potchefstroom Gimnasium verkies, wat uit die volgende lede bestaan het, naamlik: prof F Postma (voorsitter), dr S O

---

83) Coetsee, J J A Boodskappe en gelukwensings. *In* Potchefstoom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 10.
84) J J A Coetsee is in Julie 1908 deur die Kuratore van die Teologiese Skool as hoof van die Voorbereidende Skool (p 110) aangestel. In April 1915 is hy deur die TOD as hoof van Potchefstroom Gimnasium aangestel (p 122) en weer in April 1918 (p 133).
85) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, p 20.

Los (sekretaris), proff J D du Toit, A P C Duvenage, ds W J de Klerk, B J de Klerk en A Postma.86) Behalwe dat A Postma vir P van der Walt vervang het en die voorsitterskap van prof Du Toit na prof Postma verander het, is al die lede van die vorige skoolkomitee herkies (kyk p 124).87)

In die begin van 1921 is die skoolkomitee deur 'n beheerraad vir Potchefstroom Gimnasium vervang. Die lede van die eerste beheerraad, wat op 20 Januarie 1921 sy eerste vergadering gehou het, was ds W J de Klerk (voorsitter), proff F Postma, J D du Toit, A P C Duvenage, J Kamp, J C van Rooy, di J G Perold, S Vermooten en prokureur J P Nel.88) Vier van die vyf stigterslede van die Voorbereidende Skool (dus van Potchefstroom Gimnasium) was in die nuutverkose beheerraad ingesluit, naamlik proff Postma, Du Toit, Duvenage en Kamp.89)

Die bevoegdheid en funksie van die beheerraad word soos volg deur die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf: Die beheerraad

* "oefen direkte toesig uit oor die geboue en terreine;
* "hou toesig oor die versorging van geboue, terreine, meubels en uitrusting;
* "doen aanbevelings by die skoolraad in verband met die voorsiening van geboue en terreine;
* "het, onderworpe aan die Regulasies, die reg om die gebruik van geboue buite skoolure vir enige ander doel as skooldoeleindes toe te staan of te weier;

---

86) *Ibid.*, p 40.
87) Die skoolkomitee het tot aan die einde van 1920 vir beide die "Gimnasiumskole" gedien en sodoende is die gees en rigting van die twee skole gekoördineer.
88) Potchefstroom Gimnasium. *Beheerraadsnotule III*, P 1.
89) Die vyfde stigterslid, naamlik prof J Lion-Cachet is in 1912 oorlede. 'n Volledige lys van alle beheerraadslede (1921-1982) verskyn in *bylae A*.

* "oorweeg aansoeke en doen aanbevelings by die Direkteur in verband met die permanente aanstelling van onderwysers."90)

As voorbeeld van belangrike optredes deur en betrokkenheid van die beheerraad van Potchefstroom Gimnasium, word die volgende insidente vermeld, naamlik:

* Op 18 Maart 1921 is 'n onderwyser vir wangedrag geskors. Hoewel die Transvaalse Onderwysdepartement die skorsing bekragtig het, is dit later (tot groot ontevredenheid van die hoof en beheerraad) opgeskort.91)

* Op 7 November 1921 het die beheerraad 'n afvaardiging na die Administrateur van Transvaal gestuur om beswaar te maak teen die beplande oprigting van 'n tweede Afrikaans-medium sekondêre skool in Potchefstroom.92) Dié beswaar was gegrond op die feit dat 'n tweede Afrikaans-medium sekondêre skool op daardie stadium die ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium nadelig sou beïnvloed. Die beheerraad het aan die Transvaalse Onderwysdepartement voorgestel dat 'n nuwe skoolgebou op die grond wat die Teologiese Skool vir dié doel aangebied het, te bou. Hierdeur sou voldoende akkommodasie aan albei die "Gimnasiumskole" voorsien word. 'n Alternatiewe voorstel van die beheerraad was dat die staat die skoolgebou van die Teologiese Skool, wat in gebruik was en gehuur is, moes aankoop voordat 'n tweede Afrikaans-medium sekondêre skool oorweeg word.93)

---

90) Transvaalse Onderwysdepartement. *Plaaslike bestuur van onderwysinrigtings*, p 6.
91) Potchefstroom Gimnasium. *Beheerraadsnotule III*, pp 11-17.
92) Die TOD het beplan om in 1922, op aandrang van 'n deel van die Potchefstroomse Afrikanergemeenskap, 'n tweede Afrikaans-medium sekondêre skool (Potchefstroom Hoër Volkskool) in die suidelike deel van die dorp te open.
93) Potchefstroom Gimnasium. *Beheerraadsnotule III*, p 28.

* ŉ Beheerraadslid (meesal die voorsitter) het gereeld die opening van die skool aan die begin van elke skoolkwartaal bygewoon en aan die verrigtinge deelgeneem.[94]

* Alhoewel Potchefstroom Gimnasium as ŉ Gereformeerde Kerkskool begin het, het lidmate van aldrie die Afrikaanse kerke as beheerraadslede gedien en saam met die stigterslede en eerste skoolkomiteelede beheer en toesig oor die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool gehou.

* Oud-Gimnasiumonderwysers wat as dosente, lektore en professore aan die plaaslike onderwyskollege en universiteit verbonde was, het ook as lede van die beheerraad ŉ voortgesette aandeel in die beheer en toesig oor die skool gehad.[95]

4.6.3.3 Akkommodasieprobleme, aanbouings en oorname van die skoolgeboue deur die Transvaalse Onderwysdepartement

Potchefstroom Gimnasium het ŉ voortdurende tekort aan klaskamerakkommodasie ervaar. Die skoolgebou het oor geen laboratoria en sentrums (Huisvlyt en Houtwerk) beskik nie. Die skoolmeubels was swak (skoolbanke was van die "war-supply" tipe) en die leerlinge het nie oor ŉ eie sportterrein beskik nie.

Die rede vir dié knelpunt kan toegeskryf word aan die feit dat die skoolprogram die verantwoordelikheid van

---

94) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, p 6.
95) Voorbeelde van oud-Gimnasiumonderwysers wat lede van die beheerraad geword het is onder andere S P E Boshoff, J C Coetzee, J C van Rooy, D J van Rooy, B C Schutte en P F van Schouwenburg.

die Transvaalse Onderwysdepartement was, terwyl die grond met geboue aan die Teologiese Skool behoort het. Die skool was dus "onder die sorg van twee voogde ... waar die een sig op die ander verlaat" het.[96] Daar het aanvanklik dus beperkte voordeel uit die staatsvoorsiening gekom.

In 1920 is twee vleuels by die bestaande skoolgebou (plaat 4.8) aangebou. Die Provinsiale Administrasie het die skoolterrein en -geboue eers in 1927 van die Teologiese Skool oorgeneem.[97]

4.6.3.4 Toename in die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium 1918-1938

Die werklike toename in die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium, 1918-1938, word in tabel 4.7 (p.140) aangetoon.

Die volgende afleidings kan uit tabel 4.7 gemaak word, naamlik:

* Die leerlingtal het van 1919 tot 1923 meer as verdubbel sodat dié tydperk die "bloeitydperk van Gimnasium" genoem word.
* Die styging in 1920 kan toegeskryf word aan die feit dat die st. 6-leerlinge van 1920 af by Potchefstroom Gimnasium ingeskakel het.[98] Die daling in 1935 is veroorsaak deur die terugplasing van die st.6-klasse na die primêre skole.
* Die leerlingtal het in 1924 skerp gedaal as gevolg van die opening van die tweede Afrikaans-medium

---

96) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, pp 2-53.
97) *Ibid.*, p 54.
98) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal I*, p 39.

TABEL 4.7 TOENAME IN LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1918-1938[99)]

| JAAR | LEERLINGTAL | AANTAL MATRIKULANTE |
|---|---|---|
| 1918 | 116 | 14 |
| 1919 | 121 | 5 |
| 1920 | 212 | 13 |
| 1921 | (?) | 8 |
| 1922 | 256 | 30 |
| 1923 | 275 | 42 |
| 1924 | 181 | 16 |
| 1925 | 156 | 19 |
| 1926 | 160 | 20 |
| 1927 | 152 | 15 |
| 1928 | 141 | 14 |
| 1929 | 161 | 15 |
| 1930 | 152 | 12 |
| 1931 | 159 | 17 |
| 1932 | 175 | 16 |
| 1933 | 210 | 26 |
| 1934 | 194 | 17 |
| 1935 | 162 | 26 |
| 1936 | 184 | 20 |
| 1937 | 203 | 27 |
| 1938 | 225 | 28 |

sekondêre skool (Hoër Volkskool wat in 1922 geopen het) en die feit dat daar aan die einde van 1923 slegs 5 uit 32 st. 6-leerlinge geslaag het.[100)]

* Die jare 1924-1930 was "moeilike jare" wat "deur geworstel is" en die leerlingtal het eers in die

99) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, pp 1-168.
100) *Loc.cit.*

dertigerjare geleidelik vermeerder.[101] Dit kan verder vermeld word dat, ten spyte van die moeilike jare wat die skool deurgemaak het, die matrikulasieuitslae van die beste in die skool se geskiedenis was.[102]

#### 4.6.3.5 Onderwyspersoneel verbonde aan Potchefstroom Gimnasium 1918-1938

Daar was gedurende die onderhawige tydperk 'n besonder lae personeelverwisseling. Die feit dat daar min personeelwisseling plaasgevind het en dat die skool oor die dienste beskik het van goed toegeruste en roepingsbewuste onderwysers, was bevorderlik vir die opvoeding en onderwys aan Potchefstroom Gimnasium.[103] Dit het voorts bygedra tot die bestendiging van die besondere gees en rigting van die skool.

Die onderwysers wat gedurende die tydperk 1918-1938 aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was, word in tabel 4.8 (p 142) vermeld.

#### 4.6.3.6 Enkele faktore wat 'n remmende invloed op die ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium gehad het gedurende 1918-1938

Ten spyte van die goeie vooruitgang wat Potchefstroom Gimnasium ervaar het, was daar ook faktore wat die ontwikkeling van die skool bemoeilik en beperk het. Enkele van

---

101) Coetsee, J J A Ons skool. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1933, p 7.
102) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, p 14.
103) Coetsee, J J A Boodskappe en gelukwensings. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 10.

TABEL 4.8 ONDERWYSERS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1918-1938[104)]

| ONDERWYSER | JAAR VAN AANSTELLING |
|---|---|
| J J A Coetsee (hoof | 1908 (tot 1938) |
| D J van Rooy | 1915 |
| F J le Roux | 1917 |
| J C Coetzee | 1917 |
| J V Coetzee | 1917 (tot 1954) |
| J L Zerwick | 1918 |
| J M Weston (mej) | 1918 |
| C G Gedat | 1920 |
| F L Scheepers | 1920 (tot 1950) |
| H A Steyn | 1921 |
| P Kruger | 1921 |
| A F Snyman (mej) | 1922 |
| D J du Plessis | 1923 |
| J Aucamp | 1923 |
| J B J van Ryssen | 1923 |
| K Geertsema | 1924 |
| J de Ruiter | 1924 (tot 1938) |
| P J Strydom | 1924 (tot 1955) |
| P F van Schouwenburg | 1924 |
| Dr W Eiselen | 1924 |
| J J Hugo | 1924 |
| W F Dekker (mej) | 1927 |
| M Jankelson (mej) | 1933 |
| J L du Plooy | 1933 |
| S Postma (mej) | 1934 |
| B C Schutte | 1936 |
| G van Duyn (mej) | 1937 |
| P J du Plessis | 1938 (tot 1980) |
| Dr P Brandt | 1938 |
| W de K Kruger (hoof) | 1938 (tot 1965) |

104) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenk-uitgawe), p 76.

die faktore word vervolgens kortliks vermeld:

* Die voortdurende en ernstige tekort aan klaskamer-akkommodasie het tot gevolg gehad dat die Transvaalse Onderwysdepartement nie meer losiesbeurse aan die leerlinge afkomstig uit ander provinsies (byvoorbeeld die Oranje-Vrystaat) beskikbaar gestel het nie.

* Kerkisme (van buite die skool) was 'n verdere faktor wat 'n groot invloed op die ontwikkeling van die skool gehad het -soveel so dat die hoof in die skooljoernaal aangeteken het dat dit duidelik was dat Potchefstroom Gimnasium in die toekoms hoofsaaklik deur die "Bult gevoed" sou moes word.[105)]

* Die depressie van 1932-1933 het baie leerlinge genoodsaak om die skool te verlaat en geld te gaan verdien. Onderwysers was genoodsaak om dikwels skoolhandboeke gratis aan behoeftige leerlinge beskikbaar te stel om hulle sodoende langer op skool te hou.[106)]

In 1938 is Potchefstroom Gimnasium hergradeer tot 'n graad I sekondêre skool. Die Onderwysregulasie het bepaal dat die vereiste minimum akademiese kwalifikasie vir 'n hoof van 'n graad I sekondêre skool minstens 'n erkende B-graad moes wees. Aangesien die dienende hoof, J J A Coetsee, nie oor dié nodige kwalifikasies beskik het nie (hy het slegs oor 'n Onderwysdiploma beskik), is hy deur die Transvaalse Onderwysdepartement versoek om sy hoofskap neer te lê.[107)] J J A Coetsee het dieselfde jaar (1938) sy bedanking as hoof ingedien en op 31 Junie 1938 het die

---

105) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, p 14.
106) *Loc.cit.*
107) Coetzee, J V *Oom Ad en tant Kitty Coetsee*, p 2.

ouers en beheerraad van hom afskeid geneem. Hy het egter as onderwyser aangebly tot op 31 Mei 1943.[108]

### 4.6.4 Ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium tydens die hoofskap van W de K Kruger 1938-1965

#### 4.6.4.1 Diensaanvaarding van W de K Kruger as skoolhoof in 1938

W de K Kruger (plaat 4.9) het op 2 Augustus 1938 diens aanvaar as tweede permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium. Hy is op 2 Augustus tydens die opening van die skool deur ds J V Coetzee, vise-voorsitter van die beheerraad van die skool, aan die leerlinge en personeel bekendgestel en verwelkom.[109] W. de K Kruger het reeds sy merk as 'n voortreflike onderwyser in Afrikaans gemaak. Hy was 'n vurige persoon en as oudstudent van die eertydse Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, ook goed onderlê in die Christelik-nasionale onderwysbeginsel. W de K Kruger het in 'n onderwysleier van formaat ontplooi en as voorstander van die Christelik-nasionale onderwysgedagte, gepoog om dit met woord en daad in Potchefstroom Gimnasium uit te leef.[110]

---

108) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal* II, pp 170-197.
109) *Ibid.*, p 170.
110) Coetsee, A G *loc.cit.*

PLAAT 4.9 W DE K KRUGER - DIE TWEEDE PERMANENTE SKOOLHOOF VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1938-1965[111)]



### 4.6.4.2 Die beheerraad tydens die ampstermyn van W de K Kruger 1938-1965

Ten tye van die diensaanvaarding van W de K Kruger as hoof van Potchefstroom Gimnasium in 1938, het die beheerraad bestaan uit proff F Postma (voorsitter), J C Coetzee, H G Schulze, di G D Worst en J V Coetzee, Kommandant P W A Mulder, W Menega, J L P Botha en P J Naudé.[112)]

Die beheerraad was ook gedurende die onderhawige tydperk nou betrokke by die skoolaktiwiteite en het veral aandag gegee aan:

* die werwing en aanbeveling van Christengelowige onderwysers vir aanstelling ten einde die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool te bestendig;
* die aankoop van 'n nuwe skoolterrein en
* die oprigting van die nuwe skoolgebou en skoolkoshuise.[113)]

---

111) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 14.
112) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1938, p 5. 'n Volledige lys van alle beheerraadslede (1921-1982) verskyn in *bylae A*.
113) *Ibid*., 1938-1965.

4.6.4.3 Akkommodasieprobleme en die ingebruikneming van die nuwe skoolterrein en -geboue 1938-1965

Een van die ernstigste probleme waaraan W de K Kruger en die beheerraad aandag moes gee, was die voortdurende gebrek aan voldoende klaskamerakkommodasie. Volgens die Inspeksierapport van 1-3 Mei 1939 blyk dit dat die akkommodasie van die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium haglik en totaal ontoereikend was.[114)]

In Mei 1941 is bevind dat die skoolterrein[115)] ongeskik is vir verdere uitbreiding en aanbouings. Die hoof en beheerraad het die uitspanningsterrein (10 hektaar groot) ten suide van die Mooirivier van die Stadsraad bekom en die Transvaalse Provinsiale Administrasie het R40 000 begroot vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou.[116)]

Die bouwerk aan die nuwe skoolgebou het in 1945 teen 'n beraamde koste van R120 000 'n aanvang geneem. Die hoeksteenlegging is deur genl J J Pienaar, Administrateur van Transvaal, op 1 Februarie 1946 waargeneem. 'n Metaalkissie, waarin eksemplare van twee Potchefstroomse koerante (*Die Westelike Stem* en *The Potchefstroom Herald* met verslae oor die geskiedenis van die skool), vier verskillende skooljaarbladuitgawes (*Fac et Spera* 1916, 1933, 1938 en 1945), 'n skoolwapen en 'n program van die hoeksteenlegging geplaas is, is deur prof F Postma (voorsitter van die beheerraad) agter die hoeksteen geplaas en toegemessel.[117)]

---

114) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, pp 177-179.
115) Die skoolterrein in 1941 was die huidige Laerskool Mooiriviertterrein.
116) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II*, p 188.
117) *Ibid.*, pp 200-204.

Op 3 Mei 1947 het die personeel en leerlinge na die nuwe skoolgebou oorgetrek.[118] Op 31 Oktober 1947 is die skoolgebou amptelik deur genl J J Pienaar (Administrateur van Transvaal, wat ook die hoeksteen gelê het) in gebruik geneem. Die nuwe skoolgebou (plaat 4.10 en 4.11) het oor alle moderne onderwysgeriewe beskik, naamlik laboratoria, sentrums, 20 klaskamers, biblioteek, 'n skoolsaal en kleedkamers - geriewe waaroor die personeel en leerlinge vir baie jare nie beskik het nie, waarvoor en waaroor daar vir 40 jaar "gedurig gewerk en gehoop" is.[119]

PLAAT 4.10 VOORAANSIG EN HOOFINGANG VAN DIE NUWE EN HUIDIGE SKOOLGEBOU VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT IN 1947 IN GEBRUIK GENEEM IS[120]



118) *Ibid.*, pp 205-206.
119) Scheepers, F L Die ingebruikneming van die hoër Gimnasiumgebou, 31 Oktober 1947. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1948, p 9.
120) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1947, p 17.

PLAAT 4.11 NOORDAANSIG VAN DIE NUWE EN HUIDIGE SKOOLGEBOU VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT IN 1947 IN GEBRUIK GENEEM IS[121]



In 1950 het die skool reeds weer 'n versadigingspunt bereik wat die klaskamerakkommodasie betref. Gevolglik is daar gedurende 1951-1952, 1956 en 1963 nuwe klaskamers, laboratoria, houtwerk- en huisvlytsentrums, 'n groter biblioteek en administratiewe lokale aangebou. Hierdeur kon die jaarlikse toename in die leerlingtal geakkommodeer word.[122]

4.6.4.4 Toename in die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium 1938-1965

Die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium het gedurende die ampstermyn van W de K Kruger meer as vervierdubbel - van 225 in 1938 tot 969 leerlinge in 1965. Die werklike toename in die leerlingtal word in tabel 4.9 aangetoon.

121) *Ibid.*, p 35.
122) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal II en III.*

TABEL 4.9 DIE WERKLIKE TOENAME IN DIE LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1938-1965[123)]

| JAAR | LEERLINGTAL | AANTAL MATRIKULANTE |
|---|---|---|
| 1938 | 225 | 28 |
| 1939 | 264 | 60 |
| 1940 | 276 | 53 |
| 1941 | 268 | 43 |
| 1942 | 282 | 54 |
| 1943 | 313 | 59 |
| 1944 | 312 | 54 |
| 1945 | 320 | 61 |
| 1946 | 304 | 59 |
| 1947 | 389 | 50 |
| 1948 | 430 | 73 |
| 1949 | 468 | 48 |
| 1950 | 522 | 68 |
| 1951 | 541 | 59 |
| 1952 | 575 | 59 |
| 1953 | 672 | 84 |
| 1954 | 737 | 94 |
| 1955 | 755 | 76 |
| 1956 | 782 | 80 |
| 1957 | 782 | 87 |
| 1958 | 819 | 78 |
| 1959 | 870 | 101 |
| 1960 | 883 | 84 |
| 1961 | 909 | 123 |
| 1962 | 920 | 113 |
| 1963 | 916 | 115 |
| 1964 | 947 | 133 |
| 1965 | 969 | 123 |

123) *Loc.cit.*

Dit blyk uit tabel 4.9 dat die leerlingtal van Potchefstroom Gimnasium gedurende die onderhawige tydperk as't ware elke 11 jaar verdubbel het.[124] Dit dien as bewys dat daar voortdurend 'n behoefte was aan 'n skool waar die opvoedende onderwys Christelik-nasionaal is.

Die st. 6-klasse is in 1942 weer na die sekondêre skole teruggeplaas. Potchefstroom Gimnasium kon egter, as gevolg van 'n gebrek aan klaskamerakkommodasie, eers van 1947 af die st. 6-klasse inneem.

4.6.4.5 Algemene onderwysstandaard en leerlingprestasies van Potchefstroom Gimnasium 1938-1965

Die akademiese vordering en prestasies van die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium was gedurende die ampstermyn van W de K Kruger van 'n besonder hoë standaard. Met die uitsondering van die matriekgroep van 1954 (22 van die 94 matrikulante het gedruip), is die tradisioneel hoë persentasie slaagsyfers gehandhaaf. In 1957 het Anne-Marie Schutte die eerste leerling van Potchefstroom Gimnasium geword wat ses onderskeidings in die matrikulasie-eksamen behaal het. Theo Jooste het in 1960 dié prestasie herhaal. In die Inspeksierapport van 6-10 Augustus 1962 is die netjies versorgde skoolterrein, doelmatige administratiewe beheer, puik akademiese werk en voldoende buitekurrikulêre kulturele en sportaktiwiteite aangeprys. "Dit is 'n skool met 'n tradisie wat tot stand gekom het uit 'n behoefte om sekere ideale en lewensbeginsels uit te leef. Hierdie tradisies word nog steeds uitgebou en met sukses uitge-

---

124) Leerlingtal vermeerder van 225 in 1938 na 468 in 1949 en na 883 in 1960.

leef."[125]

4.6.4.6 Aktiwiteite van die Voortrekkerkommando van Potchefstroom Gimnasium

Gedurende 1938 het die Voortrekkers aktief aan die simboliese Ossewatrek deelgeneem. Die Verkenners het tydens dié geleentheid as fakkeldraers opgetree en in dieselfde jaar (1938) ook aan die Hugenote-Herdenkingsfees deelgeneem, waartydens meer as 700 nuwe Voortrekkers en offisiere in Potchefstroom ingelyf is.[126] In 1940 is die eerste Staatmakerafdeling op Potchefstroom aan Potchefstroom Gimnasium gestig. Op 31 Mei 1943 het die Verkenners, onder leiding van B C Schutte, tydens 'n nasionale fakkelloop die Eeufeesfakkel vanaf Krugersdorp na Potchefstroom geneem.[127]

4.6.4.7 Onderwyspersoneel verbonde aan Potchefstroom Gimnasium 1938-1965

W de K Kruger het met sy diensaanvaarding in 1938 as hoof van Potchefstroom Gimnasium 'n aantal ervare en roepingsbewuste onderwysers gevind. Saam met hulle kon hy voortbou op die werk van sy voorganger. Die onderwysers wat in Augustus 1938 op die personeel van Potchefstroom Gimnasium gedien het, word in tabel 4.10 (p 152) vermeld.

Dit verdien verder in verband met personeelaangeleenthede vermeld te word dat

---

125) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal* III, pp 16-17.
126) Schutte, B C Die Voortrekkers. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1939, p 17.
127) Persoonlike onderhoud met prof B C Schutte, 22 September 1980.

* die pos van die vise-hoof in 1942 ingestel is en P J Strydom die eerste vise-hoof geword het,
* dr A G Coetsee in 1954 Strydom as vise-hoof opgevolg het en dié pos tot in 1964 beklee het, waarna hy deur P J du Plessis opgevolg is.

TABEL 4.10 ONDERWYSERS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM IN AUGUSTUS 1938[128)]

| NAAM | DATUM BENOEM |
|---|---|
| W de K Kruger (hoof) | 1938 |
| J J A Coetsee (vorige hoof) | 1908 |
| J V Coetzee | 1917 |
| F L Scheepers | 1920 |
| P J Strydom | 1924 |
| K Geertsema | 1924 |
| B C Schutte | 1936 |
| G van Duyn (Mej) | 1937 |
| P J du Plessis | 1938 |
| Dr P Brandt | 1938 |

W de K Kruger het aan die einde van 1965 afgetree as tweede permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium - na 'n ampstermyn van 27 jaar en 6 maande.[129)]

4.6.4.8 Evaluering van W de K Kruger as hoof van Potchefstroom Gimnasium 1938-1965

Tydens die ampstermyn van W de K Kruger het Potchefstroom Gimnasium ontwikkel van 'n skool met 225 leerlinge en 10

128) *Ibid.*, 1938, p 9.
129) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal III*, p 43.

onderwysers in 1938 tot 'n groot sekondêre skool in 1965 met 969 leerlinge en 44 onderwysers. Die skoolterrein en skoolgeboukompleks het getuig van planmatigheid, harde werk en idealisme. Hy het hom gedurende dié tydperk onbetwisbaar onderskei as dié boumeester van Potchefstroom Gimnasium.

Die akademiese, kulturele en sportontwikkeling en prestasies van die leerlinge was van hoogstaande gehalte. Die opvoedende onderwys was onder sy leiding in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel - 'n getuienis van 'n Christenopvoeder van formaat wat, vir meer as 'n halwe leeftyd, Potchefstroom Gimnasium gelei en gebou het tot 'n opvoedkundige sieraad in Potchefstroom en Transvaal.

### 4.6.5 Ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966

#### 4.6.5.1 Die vinnige verwisseling van skoolhoofde en personeel sedert 1966

Die skoolhoofde van Potchefstroom Gimnasium het sedert 1966 dié pos vir veel korter tydperke beklee, in teenstelling met die eerste twee hoofde, naamlik J J A Coetsee en W de K Kruger.

Die hoofde wat sedert 1966 dié pos beklee het, word in tabel 4.11 (p 154) vermeld.

Dit blyk uit tabel 4.11 dat A J Combrinck (plaat 6.8) vir 7 jaar, A B J Kruger (plaat 6.9) 4 jaar en 6 maande en L A Dreyer (plaat 6.10) slegs 2 jaar en 6 maande die hoofpos van Potchefstroom Gimnasium beklee het.

TABEL 4.11 HOOFDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1966-1982[130)]

| HOOF | DATUM BENOEM | DATUM UITGETREE | REDE VIR UITTREDE |
|---|---|---|---|
| A J Combrinck | Jan. 1966 | Des. 1972 | Aangestel as Asst.-hoof van die TOD-Biblioteekdienste |
| A B J Kruger | Jan. 1974 | Junie 1978 | Afgetree |
| L A Dreyer | Jan. 1979 | Junie 1981 | Aangestel as Direkteur van die NVVR |
| A N Grobler | Jan. 1982 | - | |

As gevolg van die vinnige verwisseling van die skoolhoofde moes die adjunk-hoofde dikwels as waarnemende hoofde optree. In 1973 het O P J Nel, gedurende die tweede helfte van 1978 N J J van Rensburg en die tweede helfte van 1981 C O Immelman as hoofde waarneem.[131)]

Die adjunk-hoofpos is in 1967 ingestel met die doel om die hoof se opvoedkundige en administratiewe pligte te verlig. Op Potchefstroom Gimnasium het die onderwysers wat die adjunk-hoofpos beklee het, ook vinnig verwissel, soos in tabel 4.12 (p 155) aangetoon word.

Die vise-hoofposte wat in 1942 ingestel is, is in 1977 deur departementshoofposte vervang. Die onderwysers wat die vise-hoofpos aan Potchefstroom Gimnasium sedert 1966 beklee het, word in tabel 4.13 (p 155) aangetoon.

---

130) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), pp 131-137.
131) *Loc.cit.*

TABEL 4.12 ADJUNK-HOOFDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1967-1982[132)]

| ADJUNK-HOOF | DATUM BENOEM | DATUM UITGETREE | REDE VIR UITTREDE |
|---|---|---|---|
| P J du Plessis | Jan. 1967 | April 1969 | Afgetree |
| J S M Henning | Jan. 1970 | Des. 1972 | Benoem as senior lektor aan die PU vir CHO |
| O P J Nel | Jan. 1973 | April 1976 | Aangestel as hoof van die Hoërskool Middelburg |
| N J J van Rensburg | Jan. 1977 | Junie 1980 | Aangestel as hoof van die Hoërskool Warmbad |
| C O Immelman | April 1981 | - | |

TABEL 4.13 VISE-HOOFDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1966-1982[133)]

| VISE-HOOF | DATUM BENOEM | DATUM UITGETREE | REDE VIR UITTREDE |
|---|---|---|---|
| P J du Plessis | Jan. 1965 | Des. 1966 | Bevorder tot adjunk-hoof 1967 |
| I D vd Walt | Jan. 1968 | Sept. 1974 | Aangestel by TOD-hulpdienste |
| J S M Henning | Jan. 1967 | Des. 1969 | Bevorder tot adjunk-hoof 1970 |
| O P J Nel | Jan. 1970 | Des. 1972 | Bevorder tot adjunk-hoof 1973 |
| P J P Henning | Jan. 1974 | Aug. 1977 | Benoem as lektor aan die PU vir CHO |
| M P A van der Walt | Mei 1975 | Des. 1977 | Word departementshoof |

Dit blyk uit die drie voorafgaande tabelle (tabel 4.11, 4.12 en 4.13) dat die laaste 17 jaar van die ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium gekenmerk word deur ŉ vinnige wisseling van hoofde, adjunkhoofde en vise-hoofde. Gedurende 1978-1982 het die personeel jaarliks met ongeveer 30-40% verwissel.

---

132) *Ibid.*, pp 139-143.
133) *Loc.cit.*

4.6.5.2 Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966

Die beheerraadslede het gedurende die tydperk onder behandeling ook vinnig verwissel. Die voorsitterskap het van 1974 af jaarliks gewissel. Van 1978 af het die wisseling van voorsitters op rotasiebasis tussen die drie Afrikaanse kerke plaasgevind.[134] Die aantal lede van die beheerraad het in 1980 van 12 na 8 verminder.

4.6.5.3 Leerlinginskrywing van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966

Daar word voorts in tabel 4.14 aangetoon hoeveel leerlinge jaarliks aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was.

TABEL 4.14 WERKLIKE AANTAL LEERLINGE IN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1966-1982[135]

| JAAR | LEERLINGTAL | AANTAL MATRIKULANTE |
|---|---|---|
| 1966 | 981 | 144 |
| 1967 | 928 | 147 |
| 1968 | 889 | 153 |
| 1969 | 930 | 139 |
| 1970 | 961 | 146 |
| 1971 | 981 | 160 |
| 1972 | 996 | 112 |
| 1973 | 935 | 154 |
| 1974 | 859 | 162 |
| 1975 | 786 | 134 |
| 1976 | 781 | 176 |
| 1977 | 757 | 147 |
| 1978 | 762 | 144 |
| 1979 | 805 | 142 |
| 1980 | 813 | 148 |
| 1981 | 821 | 146 |
| 1982 | 855 | 163 |

134) 'n Volledige lys van alle beheerraadslede (1921-1982) verskyn in *bylae A*.
135) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal III*.

Dit blyk uit tabel 4.14 dat

* die leerlingtal in 1972 die rekord getal van 996 leerlinge bereik het,
* die getal matrikulante in 1976 die rekord aantal van 176 was en
* die leerlingtal met meer as 200 tot soveel as 757 in 1977 gedaal het. 'n Moontlike rede vir dié daling in die leerlingtal was dat baie van die seuns in die voedingsgebied van Potchefstroom Gimnasium na die Potchefstroomse Tegniese Hoërskool gegaan het.

4.6.5.4 Akademiese en ander prestasies van leerlinge van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966

Die bo-gemiddelde akademiese vordering en prestasies van die leerlinge, veral van die matrikulante waarna daar alreeds in die vorige afdelings verwys is,[136] is gedurende die tydperk 1966-1982 gehandhaaf en selfs verbeter.

Gedurende die jare 1967-1974 is Potchefstroom Gimnasium as een van 20 projekskole in Transvaal gekies. Die doel van die projekskole was om die vakonderwys minder eksamengerig te laat geskied. In die projekskole het die klem op selfstandige studie geval en dié skole het 'n interne matrikulasie-eksamen afgelê.[137] Die matrikulante wat sedert 1966 6 of selfs 7 onderskeidings behaal het, word in tabel 4.15 vermeld.

---

136) Kyk paragraaf 4.5.5 (p 127), 4.5.8 (p 130), 4.6.3.4 (pp 139-141) en 4.6.4.5 (p 150).
137) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal III.*

TABEL 4.15 MATRIKULANTE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT SEDERT 1966 SES/SEWE ONDERSKEIDINGS BEHAAL HET[138)]

| MATRIKULANT | JAAR | ONDERSKEIDINGS |
|---|---|---|
| Linda Blom | 1968 | 6 |
| Isaak Venter | 1969 | 6 |
| Anna Venter | 1970 | 6 |
| Roelof Goosen | 1971 | 6 |
| André vd Walt | 1973 | 7 |
| Hendrik du Plessis | 1974 | 6 |
| Herculina du Plessis | 1975 | 6 |
| Ilse-Marie Karberg | 1975 | 6 |
| Marthinus Riekert | 1975 | 6 |
| Andries vd Merwe | 1975 | 6 |
| Lourens vd Vyver | 1977 | 7 |
| Esmé du Preez | 1977 | 6 |
| Detlev Tönsing | 1978 | 6 |
| André Coetzee | 1979 | 6 |
| Hendrika Coetzee | 1979 | 6 |
| André-Lucille Daniël | 1980 | 7 |
| Helena Oosthuizen | 1980 | 7 |
| Wim Steenkamp | 1980 | 6 |
| Annecke Badenhorst | 1981 | 6 |
| Walter Swart | 1981 | 7 |

* Dit dien vermeld te word dat die matrikulante van Potchefstroom Gimnasium van 1975 af weer eens die eksterne matrikulasie-eksamen van die Transvaalse Onderwysdepartement afgelê het. Die matrikulante van 1975 en 1976 het almal die matrikulasie-eksamen

138) *Loc.cit.*

suksesvol afgelê (met ander woorde 'n 100% slaagsyfer).[139]

In 1977 het Andries de Beer die Dirk van Rooy-goue-medalje[140] ontvang vir die hoogste punte in 'n landswye Wiskunde-Olimpiade. In 1978 was Detlev Tönsing die algehele wenner van 'n Wetenskapweek wat ook 'n besondere akademiese prestasie is.[141]

* Gedurende 1974-1979 is verskeie skoolkore en -orkeste gestig, naamlik die Gimmiesingkoor, Gimnasiumkamerkoor, Gimnasiumskoolkoor, Gim-sim-orkes, Simfonieorkes en 'n ligte Skoolorkes. Deur middel van dié skoolkore en -orkeste is ruim geleentheid aan leerlinge gebied vir deelname en die ontwikkeling van musiek- en sangtalente.

* Potchefstroom Gimnasium het op die gebied van die skoolkadette gedurende die laaste aantal jare ook besonder goed presteer. Die kadetorkes het gedurende 1970-1974 die Noordwes-Kommandementskompetisie gewen, terwyl die drilpeloton gedurende 1979-1982 gewen het.

* In 1980 het 'n aantal leerlinge en enkele onderwysers 'n eie skoolkoerant, naamlik die *Sasima*, begin wat in 1981 in die Junior Rapportryers se nasionale kompetisie vir gedrukte skoolkoerante met 'n eerste prys bekroon is.

---

139) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1976, 1977.

140) Die Dirk van Rooy-medalje is deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ingestel. Dit is 'n toekenning aan leerlinge wat in Wiskunde besonder goed presteer. Die medalje is na prof D J (Dirk) van Rooy vernoem. Hy het vanaf 1915 as 18-jarige onderwyser aan Potchefstroom Gimnasium Wiskunde doseer en later professor aan die PU vir CHO geword en was vir jare lid van Potchefstroom Gimnasium se beheerraad.

141) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1978, 1979.

* In 1980 het Hugo Slabbert die eerste Potchefstroom Gimnasium-rugbyspeler geword wat vir die SA-skolespan gekies is.

* In 1981 het Johan Smit (15 jaar oud) die jongste Springbok in die trampolien en dubbel-mini geword en die RSA in die VSA verteenwoordig.

4.6.6 Die noue verband tussen Potchefstroom Gimnasium en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Tydens die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1913 is besluit om vir staatsteun aansoek te doen vir die finansiering van die Literariese Departement van die Teologiese Skool. Dié aansoek is egter gedoen met die voorbehoud dat die Christelike beginsel gehandhaaf en vryheid van beheer behou word.[142)]

In 1919 het die Kuratore van die Teologiese Skool besluit om die Literariese Departement los te maak van die Teologiese Skool om as "Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Kristelÿke Hoger Onderwijs" selfstandig te funksioneer. Staatsubsidie van R6 000 per jaar (voorlopig vir 3 jaar) is in dieselfde jaar (1919) toegeken. Só het die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys in 1919 met 39 studente,[143)] 4 professore (naamlik proff F Postma, S P E Boshoff, A P C Duvenage en J Kamp) en 6 lektore[144)] (naamlik drr J D du Toit en S O Los en L J du Plessis, A E du Toit, H G Shulze

---

142) Du Plessis, J S *In u lig: 'n geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys 1921-1951*, pp 3-4.
143) Gereformeerde Kerk. *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, pp 231-232.
144) Van der Vyver, G C P *My erfenis is vir my mooi*, pp 145-146.

en A B W van Zyl) begin.

Die vernaamste stigterslede van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was proff F Postma, J D du Toit, di W J de Klerk, P Postma en W Postma.[145] Eersgenoemde twee persone, naamlik proff F Postma en J D du Toit was ook stigterslede van die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium.[146]

Daar bestaan 'n noue verband tussen Potchefstroom Gimnasium en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sover dit die stigting, stigters, beginjare, gees en rigting en ontwikkelingsgang van albei onderwysinrigtings aanbetref. Albei dié twee onderwysinrigtings het hul ontstaan gehad as gevolg van 'n dringende behoefte aan Christelik-nasionale opvoedende onderwys en albei het deur die jare die Christelik-nasionale karakter gehandhaaf. Die rektore het deur al die jare dié noue verbintenis tussen die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en Potchefstroom Gimnasium met woord en daad bestendig; trouens, van die rektore het as voorsitter van die beheerraad van Potchefstroom Gimnasium vir baie jare gedien.[147] Die name van die rektore en hulle ampstermyne as rektore word in tabel 4.16 verstrek.

---

145) *Ibid.*, pp 142-145.
146) Kyk 4.2, p 108.
147) Kyk *bylae* A.

TABEL 4.16 REKTORE VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS 1921-1982[148)]

| REKTOR | AMPSTERMYN AS REKTOR |
| --- | --- |
| Prof dr F Postma | 1921-1950 |
| Prof dr J C van Rooy | 1951-1952 |
| Prof dr J C Coetzee | 1953-1963 |
| Prof dr H J J Bingle | 1964-1977 |
| Prof dr T van der Walt | 1977- |

## 4.7 SAMEVATTING EN SLOTOPMERKING

Potchefstroom Gimnasium het in 1907 klein begin as die Voorbereidende Skool aan die Literariese Departement van die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom.

J J A Coetsee was die eerste skoolhoof (1908-1938) wat, saam met die stigterslede, skoolkomitees en onderwysers - te midde van geldelike tekorte - 'n Christelik-nasionale skool in die ware sin van die woord op- en uitgebou het. In 1915 het die vrye Christelik-nasionale skool 'n staatskool geword en in 1918 'n selfstandige sekondêre skool, naamlik Potchefstroom Gimnasium.

In 1916 is Hollands deur Afrikaans as onderrigmedium vervang, waardeur Potchefstroom Gimnasium die eerste Afrikaans-medium skool in die land geword het.

W de K Kruger was die tweede skoolhoof (1938-1965). Tydens sy ampstermyn het die leerlingtal van 225 in 1938 tot 969 in 1965 toegeneem. Potchefstroom Gimnasium

---

148) Van der Vyver, *op.cit.*, pp 233-243 (1977 is deur prof T van der Walt aan skrywer meegedeel).

het ontwikkel tot 'n alombekende Christelik-nasionale skool waar besonder hoë akademiese prestasies gehandhaaf is.

Sedert 1966 het drie hoofde dié pos beklee, naamlik A J Combrinck (1966-1972), A B J Kruger (1974-1978) en L A Dreyer (1979-1981).

In 1982 het Potchefstroom Gimnasium sy 75-jarige bestaan feestelik herdenk. Een van die hoogtepunte van die feesjaar was die Feesuitgawe-gedenkboek, getiteld *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982*. Daarin word die ontwikkelingsgeskiedenis van die skool op besonder visuele wyse uitgebeeld. Die Direkteur van Onderwys, prof J H Jooste, het op 17 September 1982 die eerste eksemplaar van die gedenkboek oor Potchefstroom Gimnasium ontvang.

'n Tweede hoogtepunt van die feesprogram was 'n Feesdinee wat op 26 April 1982 plaasgevind het. Die Staatspresidentspaar (hooferegaste) en ±500 oud-Gimnasiaste was teenwoordig. Toe die geskiedenis van Potchefstroom Gimnasium in herinnering gebring is, het die aanwesiges weer eens onder die indruk gekom van die werklike betekenis van hulle alma mater. Potchefstroom Gimnasium het in sy bestaan van 75 jaar deur geloof, hoop, idealisme en harde werk ontwikkel tot 'n bakermat van onvoorwaardelike Christelike en onbeskaamde Afrikaanse opvoedende onderwys. Hiermee is die Christelik-nasionale onderwysideaal, wat vir die Christen-Afrikaner van besondere betekenis is, verwesenlik.

In die volgende hoofstuk word die Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium behandel.